N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 50

11Desember 2022

Die boodskap van Openbaring 12

Wanneer ons die geboorte van die Kind van Openbaring 12 vier, is ons blydskap nie beperk tot Sy eerste koms nie. Ons ken die volledige Openbaring 12-verhaal en dit bemoedig ons. Ja, ons ís die vrou in die woestyn – ons kry swaar en ly, maar ons word nie moedeloos nie – die gebrokenheid van die wêreld dien as 'n herinnering, 'n teken da tons van Gód afhanklik is! Ons leer toenemend dat niks of niemand buiten God ons régtig kan beskerm nie. A.g.v. die onherbergsame aard van die woestyn ontdek ons deur die uitdagings wat ons die hoof moet bied, hoe wonderlik dit is om God te ken en van Hom afhanklik te wees. Sy versorging bied ons meer as genoeg. Niks kan met Sy liefde vir ons vergelyk word nie!

In Hom en deur Hom leer ons oorwin. Ons is eeue gelede in Openbaring 12 beskryf as mense wat God se heerlikheid weerkaats en dit is juis in die woestyn dat ons begin lewe as mense wat met die son beklee is! Ons afhankliheid van God maak dat ons vrees verdwyn. En toenemend kom ons agter dat die nag se duister nie meer vir ons'n verskrikking inhou nie. Die maan is onder ons voete. Hoewel ons deur die bose bedreig word en hy by tye selfs magtig voorkom, laat ons ons nie langer mislei nie. Sy krone is nie heerserskrone nie, dit is skyntekens van mag. Op óns koppe is daar 'n oorwinnarskroon! Ons is nie uitgelewer nie, ons heers!

Net soos Herodus, Pontius Pilatus en Kajafas nie régtig vir Jesus kon doodmaak nie en die satan Hom ook nie in die dood gevange kon hou nie, sal die dood óns wat in Christus is, ook nie kan vashou nie. Al is die aanslag hoe fel en vreesaanjaend – Christus het reeds oorwin! Deur die Lam is die oorwinning vir eens en vir altyd behaal en ons wat aan Hom behoort, mag nou reeds in daardie oorwinning deel. Saam met Johannes roep ons ook in die woorde van Openbaring 12:11-12 uit: "Ons het die oorwinning behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan ons getuig!" – dr Elza Meyer

Dankie!

- **Dat God ons so liefhet dat Hy Sy geliefde Seun na die aarde toe gestuur het om vir ons verlossing en redding en genesing te kom bewerk!**
- **Vir God se genade in en deur Jesus Christus, ons Middelaar!**
- **Deur die Lam van God is die oorwinning vir eens en altyd behaal!**
- **Dat ons deel het in Christus se oorwinning!**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir ons president, regering en vir almal wat gesag uitoefen 1 Tim 2:1-6.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Christusfees seisoen! Dat ons die Grootste Geskenk met ander sal deel..

Gebedsversoeke

- Lottie Conradie
- Jaap Naudé
- Oom Sampie Swart
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Gert Keulder
- Annika Killian
- Oom Eberhard Carshagen
- Lettie Bezuidenhout
- Louis Strauss
- Lola Vijoen
- Maria Steyn
- Ria Putter
- Oom Hannes Loots
- Lilian van Zyl
- Ina van der Merwe
- Wally Fourie
- Hannie Booysens
- Heleen J van Vuuren
- Louise Lodewyk

Gedagte vir die week

Die maagd sal swanger word
en ‘n Seun in die wêreld bring,
en hulle sal Hom Immanuel noem.
Die Naam beteken God by ons.
Matt 1:23

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org